



MARKUSREEKS: SAAM VOLG ONS CHRISTUS DEUR MARKUS

DIE WARE JESUS

Mar 3:20-35 Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom, sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkie te eet nie. (21) Toe sy familie hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: "Hy het van sy kop af geraak." (22) Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: "Hy is van Beëlsebul besete!" en "Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste dat hy bose geeste uitdrywe." (23) Jesus het hulle nader geroep en hulle met voorbeelde geantwoord: "Hoe kan die Satan die Satan uitdrywe? (24) As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; (25) en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin nie kan bly staan nie. (26) As die Satan teen homself in opstand kom en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde. (27) Bowendien kan niemand in 'n sterk man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan sal hy sy huis kan beroof. (28) Dit verseker Ek julle: Alles sal die mense vergewe kan word, al die sondige lastertaal wat hulle praat. (29) Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde." (30) Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het: "Hy is van 'n onrein gees besete." (31) Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep. (32) 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U." (33) Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?" (34) Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers! (35) Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."

**DRIE MENINGS OOR JESUS**

- 1 JESUS IS EEN WAT KOP VERLOOR HET
- 2 JESUS IS 'N LEUENAAR
- 3 DIE WARE JESUS EN SY WARE FAMILIE

SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Gesels oor die rede waarom Jesus en Sy dissipels nie tyd gehad het om te eet nie.
- 2 Watter beskuldigings is in hierdie gedeelte teen Jesus ingebring? Hoe klink hierdie beskuldigings vandag? (verwoord dit in moderne terme en beskuldigings)
- 3 Watter troos hou dit in om te weet dat alle sonde slegs buite een deur God vergewe word?
- 4 Bespreek wat jy onder die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees verstaan?
- 5 Watter positiewe waarde hou dit om deel van Jesus se familie te wees? Wat is die kenmerke van die familie van Jesus?
- 6 Bespreek: om deel van 'n omgegroepte te wees laat ons prakties die beste iets beleef dat ons saam deel van Jesus se familie is.
- 7 Wat is die mees gepaste manier, volgens jou, om dank te betoon vir die groot voorreg om deel van Sy familiekring te wees?